



# **HOËRSKOOL LABORI** **NUUSBRIEF**



## **EERSTE KWARTAAL 2021**

Beste Labori-ouers

Die eerste kwartaal van 2021 is al weer iets van die verlede. Die jaar het weer eens teen 'n geweldige vinnige tempo afgeskop met heelwat uitdagings vir al ons leerkragte en leerlinge. Ons nuwe leerlinge is al goed ingeburger by die Viking-familie. Ek doen weer 'n beroep op u as ouers om toe te sien dat u kind, ten spyte van die buitengewone omstandighede wat Covid-19 tot gevolg gehad het, tog betrokke sal raak by die skool se bedrywighede.

### **GR 8 & 9 SE TERUGKEER SKOOL TOE**

Na deeglike oorweging en beplanning is besluit dat alle leerders vanaf die begin van volgende kwartaal (3 Mei 2021) elke dag die skool sal bywoon. Die rotasie van die twee Gr 8 en 9-groepe word dus gestaak. Dit was baie duidelik dat hierdie leerders nie in staat is om die rotasiebywoning effektief te benut nie en die akademiese vordering het skade gely. U, as ouer, word gevra om saam met die leerkragte te sorg dat u kind vanaf die eerste dag reg ingestel is om huiswerk daagliks te doen, sodat enige moontlike agterstande spoedig ingehaal kan word.

Die skool sal steeds sorg dat daar aan alle Covid-19 protokolle voldoen word en dat daar, waar klasgroepe moontlik te groot is om in hul huidige klaskamers geakkommodeer te word, planne in plek is om sulke klasse na groter lokale te verskuif vir daardie betrokke periodes. U moet ons help deur dit by u kind in te skerp, dat die dra van maskers, sanitering en die handhaaf van sosiale afstand strenger toegepas sal word tydens skoolure. Dit sou jammer wees as onverantwoordelike gedrag van leerders, hetsy tydens skoolure óf na skool en oor naweke veroorsaak dat ons moontlik moet terugkeer na 'n rotasiestelsel of selfs die tydelike sluiting van die skool, soos wat al by ander skole gebeur het.

### **BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Die Onderwysdepartement het nuwe riglyne daargestel, waarvolgens die volle buitemuurse program van die skool weer hervat mag word, onderworpe aan streng Covid-19 protokolle en voorwaardes. Die belangrikste voorwaarde is ongelukkig dat GEEN toeskouers by oefeninge en/of wedstryde toegelaat mag word nie. Die SAPD is opdrag gegee om die toepassing van hierdie en ander voorskrifte te inspekteer en te monitor en indien dit nie nagekom word nie, kan die skool verplig word om sy sportprogram te staak.

Ons wil graag hê dat die leerders maksimaal moet deelneem, (ons kinders het hierdie uitlaatklep nodig), maar ons vra mooi dat die ouers sal gehoor gee aan die voorskrifte. Die volledige sport- en buitemuurse program sal deurgegee word, sodra dit met ander skole en betrokkenes vasgemaak is.

Ons hoop en vertrou dat, teen die tyd van ons Interskole, hierdie voorwaardes nie meer sal geld nie en ons tog nog 2021 op Akademiese-, Sport- en Kultuur gebied op 'n hoë noot sal afsluit.

### **FINANSIES**

Die skool se begroting kan slegs klop as alle ouers hul verpligtinge t.o.v. skoolfonds en koshuisgelde nakom. Die begroting is verlede jaar op 'n ouervergadering goedgekeur en ons kan slegs voortgaan om gehalte onderrig en 'n verskeidenheid van aktiwiteite aan te bied, indien hierdie gelde gereeld betaal word. Ouers is ingelig aangaande die prosedure en voorskrifte wat gevolg moet word wanneer aansoek gedoen word om afslag. Enige ouer wat nie op die korrekte wyse aansoek doen of wat nie kwalifiseer vir afslag nie, is wettiglik aanspreeklik vir uitstaande skool- en koshuisgelde. Indien hierdie verpligtinge nie nagekom word nie, sal ons genoodsaak wees om sulke uitstaande skulde vir invordering te oorhandig. Ons doen 'n spesiale beroep op selfs daardie ouers wat kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling om te probeer om 'n bydrae te maak

tot u kind se opvoeding. Daar is baie leerlinge wat beskik oor die beste selfone, modieuse klere en te veel sakgeld en dan maak só 'n ouerhuis geen bydrae tot hul kind se akademie en opvoeding nie. Hul verwag dan dat ander ouers hul kind moet subsidieer. Dit is te verstane dat so 'n situasie nie vir betalende ouers aanvaarbaar is nie.

## **AKADEMIE**

Die skep van 'n akademiese klimaat is vir die personeel van Labori 'n saak van prioriteit. Daar is ongelukkig te veel leerlinge wat dit moeilik maak om sodanige atmosfeer in die klas te kan handhaaf, deurdadig hulle nie die nodige erns en toewyding ten opsigte van hul skoolwerk aan die dag lê nie. Sulke leerlinge is gevolglik 'n steurnis in die klas en benadeel ander leerlinge wat wil werk. Dit is belangrik dat u as ouers sal saamwerk met die personeel en ons sal ondersteun in ons onderrigtaak en die dissiplinerings van die leerlinge. Dit gebeur te veel dat ouers personeellede verkwak wanneer kinders gedissiplineer word. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om seker te maak dat u kind 'n tuiswerkboek het en te kontroleer of tuiswerk elke dag neergeskryf word. Die nie-doen van huiswerk, is 'n groot bron van kommer. Daar is te veel leerlinge wat belangrike onderrigtyd verloor deur te maklik by die huis te bly wanneer hulle nie goed voel nie of as gevolg van dokters-, tandarts- en lisensie-afsprake wat gedurende skooltyd gemaak word. Afsprake moet sover moontlik buite skooltyd gemaak word. Indien u as ouer nie daadwerklik en ferm begin optree nie, sal kosbare tyd en geld vermors word. Duidelike voorskrifte ten opsigte van studietye en vryetydsbesteding is van kardinale belang ten einde sukses op skool te verseker. Hulpklasse word in alle vakke aangebied. Baie geluk aan elke leerling wat volgens sy/haar potensiaal presteer het en dit vir die personeel 'n plesier maak om hul dagtaak te verrig.

### **Ons toppresterders vir die kwartaal is:**

<b>Graad 8</b>			<b>%</b>	<b>Graad 9</b>			<b>%</b>	<b>Graad 10</b>			<b>%</b>
1	Marizelle Nel	86,6	1	Karen Kellerman	91	1	Heinrich Lategan	92,3			
2	Dieter Kleinhans	83,6	2	Rudolph Mans	87	2	Matthys Niewoudt	90,3			
3	Michelle Jacobs	83,1	3	Kayla Coetzee	85,3	3	Migael Scheepers	89,9			
4	Renier Compion	82,6	4	Karla Basson	80,4	4	Kael Fourie	84,9			
5	Helena de Kock	82	4	Lawrence Colombo	80,4	5	JP Rossouw	81,9			
6	Melissa Nel	81,4	4	Sharik Steyn	80,4	6	Sheneill Jackson	78,7			
7	De Wet Pretorius	80,9	7	Gerbrand Mans	80,1	7	Ruan Gericke	78,6			
7	Eulynne Skippers	80,9	8	Anje Oelofsen	78,6	8	Henry Ellis	78,3			
9	Neil Brooks	80,7	9	Dawn Vos	78,2	9	Elaine Venter	78			
10	Christiaan Grove	79	10	Adon van Wyk	77,6	10	Gabrielle Hugo	77,1			
<b>Graad 11</b>			<b>%</b>	<b>Graad 12</b>			<b>%</b>				
1	Chelsea Julius	89,6	1	Michelé Beukes	84,2						
2	PG Vosloo	84,7	2	Dawid Oosthuizen	83,6						
3	Jaddon Potgieter	83	3	Joshua Bothma	81,4						
4	Ethan Afrika	80,6	4	Tamia du Plessis	81,1						
4	Hadassah Pedro	80,6	5	Meché Daniels	78,9						
6	Angelique Joubert	79,4	6	Luan Bekker	78,7						
7	Kiara Krüger	78,9	7	Marcus Erasmus	78,6						
8	Marhelene Goosen	78,7	8	Danae Verster	77,7						
9	Bianca Kotze	76,9	9	Esri Malan	77						
10	Caylin Cupido	76,7	10	Andries Venter	75,6						

## WISKUNDE OLIMPIADES

Die eerste rondte van die SA Wiskunde Olimpiade is geskryf vroeër die kwartaal, 27 Leerders van Gr 8 – Gr 12 het deelgeneem. Ses van hierdie leerders is deur na die tweede rondte van die SAWO Olimpiade, wat geskryf sal word 18 Mei 2021 van 14:00 – 16:00. Baie geluk aan die volgende leerders:

GRAAD 8: Helena de Kock  
 GRAAD 9: Karla Basson, Rudolph Mans  
 GRAAD 10: Ruan Gericke, Heinrich Lategan  
 GRAAD 11: Arsene Adams

Die UCT Olimpiade word hierdie jaar by die skool gehou – 33 leerders gaan deelneem hieraan op 4 Mei. 15:30 – 17:30 by die skool.

## DISSIPLINE

Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan getuig dat ons skool se dissipline oor die algemeen, op 'n goeie peil is. Die rede hiervoor is onder andere dat ons personeel deurlopend teen oortreders optree, terwyl ons ouers ons ook oor die algemeen goed ondersteun! Wat egter hartseer is, is dat daar steeds soveel tuiswerk- en akademiese oortredings is. Ons doen weer 'n beroep op die ouers van leerders wat weekliks detensie sit a.g.v. hierdie tipe oortredings, om toe te sien dat tuiswerk gedoen word.

Maak asseblief ook 100% seker, dat u kind ná die vakansie, wat betref fisiese voorkoms, terugkeer soos ons skool se gedragskode voorskryf. **Dit is onverskoonbaar dat daar aan die begin van elke kwartaal ouers is wat toelaat dat kinders skool toe kom met bv. onaanvaarbare haarstyle!**

## LEERDERAFWESIGHEID

Volgens departementele beleid word 'n leerling wat vir langer as tien dae aaneenlopend afwesig is, sonder grondige mediese redes, beskou asof hy/sy die skool verlaat het. So 'n leerling sal dan outomaties gederegistreer word en sal moet heraansoek doen indien hy/sy weer 'n skool wil bywoon. Ons wil verder 'n beroep doen op ons ouers om voor 09:00 soggens die skool in kennis te stel indien u kind afwesig gaan wees. Dit sal verhoed dat u 'n sms vanaf die skool ontvang om u in kennis te stel dat u kind sonder 'n rede afwesig is. Indien leerders afwesig is op 'n dag wat daar toets geskryf word, moet u 'n geldige mediese sertifikaat of brief van die dokter as bewys van siekte indien. Dit is die léerder se verantwoordelikheid om reëlings met die betrokke onderwyser/s te tref vir die skryf van toetse, sowel as inhaal van werk.

## HANDBOEKE EN SKOOLTASSE

Aangesien ons nog een van die min skole is wat handboeke aan leerlinge verskaf, probeer ons sover moontlik om die handboeke mooi te bewaar. Van die handboeke kos tussen R150 – R300 en beloop die koste om aan een leerling 'n stel handboeke uit te reik maklik oor die R2 000. Daarom is dit ons skool se beleid dat elke leerling 'n goeie skooltas moet besit. So 'n skooltas moet versterkings en rakke in hê. In 'n poging om dit vir ouers makliker te maak, het ons reeds 'n paar jaar terug met die proses begin dat die Graad 8-ouers by toelating reeds betaal vir die Labori-skooltas. Alle leerlinge moet die voorgeskrewe Labori-skooltas gebruik. U as ouer het duur betaal vir hierdie tasse en moet toesien dat die leerlinge dit gebruik. Dié tasse beskerm die handboeke en skep 'n netjiese en uniforme beeld van die skool. Herinner asb. u kinders daaraan om hul name voor in hul handboeke te skryf, dit skakel die verwarring uit aan die einde van die jaar wanneer leerders handboeke inhandig wat nie oorspronklik aan hulle uitgegee is nie. Leerders wie se boeke nie alles ingehandig word nie, sal 'n rekening ontvang vir die ontbrekende boeke. U as ouers sal verantwoordelik gehou word vir die vereffening van hierdie rekening.

Die bont en “volgekrapte” sakke wat sommige van die leerlinge dra skep 'n slordige prentjie van die skool. Nuwe tasse is by die finansiële kantoor teen R300 elk te koop. Dit is tog logies dat geen tas vir vyf jaar kan hou nie en daarom moet die tas wat in gr. 8 uitgereik is, indien nodig, self vervang word.

## KLEREDRAG

Leerlinge in hul skooldrag is 'n skool se grootste advertensie en ons doen 'n beroep op u as ouers om toe te sien dat u kind ten alle tye netjies en korrek geklee sal wees. Aangesien die Tweede Kwartaal hierdie jaar heelwat later begin, sal ons reeds vanaf die eerste drag ten volle oorsakel na ons Wintersdrag, m.a.w. Skoolbaadjies, Dasse, ens. Die skooltrui mag slegs onder die skoolbaadjie gedra word en nie daarsonder nie. Veral die ouers van koshuisleerlinge moet toesien dat hul kinders se wintersdrag betyds gereed is. Die skoolbaadjie is verpligtend en die skoolreënbaadjie is opsioneel. Beide baadjies is by De Jagers beskikbaar. Die skoolreënbaadjie mag slegs gedra word indien leerders ook 'n skoolbaadjie aanhet.

Die lengte van party van ons dogters se rompe bly 'n probleem. U het alreeds verskeie skrywes in dié verband ontvang. Die kort rompe is 'n verleentheid, veral as die dogters die trappe opstap, op die verhoog in die saal verskyn en ook die manier waarop dogters in die klaskamers sit. Enige dogter wie se romp vanaf die eerste dag van volgende kwartaal nie aan die lengte van 15cm bo die knie wanneer sy kniel, voldoen nie sal strafpunte kry en 'n Vrydagdetensie sit vir elke keer wat die romp nie aan die korrekte lengte voldoen nie. Ons vra regtig u as ouers se samewerking in hierdie verband, want ons glo dat u ook nie wil hê dat u dogter op 'n verkeerde manier aandag trek nie.

## MATRIEKS EINDEKSAMEN

Maak asseblief seker dat u matrikulant oor 'n geldige ID-dokument beskik, aangesien hul dit gaan nodig hê tydens die eksamen. Maak ook asseblief seker dat die skool u nuutste selfoonnommers het, sodat u gekontak kan word indien daar enige veranderinge op die rooster- en eksamentye sou wees.

Gr 10- en 11- leerders word ook aangemoedig om so gou as wat hul sestien jaar oud word, aansoek te doen vir hul ID-dokumente, ten einde seker te maak dat hul betyds hul dokumente ontvang.

## KOMMUNIKASIE MET OUERS

Die kommunikasie met ouers deur middel van sms'e wat gestuur word deur ons administratiewe stelsel, werk baie goed en ons wil net ons ouers herinner daaraan om voortdurend hul inligting op datum te hou, sodat boodskappe die regte persone bereik. Daar is alreeds verskeie sms-boodskappe hierdie jaar gestuur, indien u nog nie een ontvang het nie, kontak asb. die kantoor onverwyld. ***Daar is baie gevalle waar ouers se werk- of kontaknommers verander het en ons nie ingelig word van die verandering nie. Daar was al noodsituasies waar ons nie die ouers onmiddellik kon bereik nie.*** Ek wil veral vra dat ouers moet reageer op afwesigheidsboodskappe. Antwoorde of reaksies kan per epos gestuur word na [ontvangs@hslabori.co.za](mailto:ontvangs@hslabori.co.za). Indien enige van u besonderhede, bv. telnr., e-pos of adres verander het, stuur asb. 'n e-pos aan die skool met die nuwe besonderhede.

Ten einde kostes te bespaar maak ons al hoe meer gebruik maak van ander kanale, soos bv. School Communicator en Labori se Facebook bladsy, om inligting aan ons ouers deur te gee. Gaan 'like' asb. ons Facebook blad. Indien u nog nie *School Communicator* program afgelaai het nie, maak asb. seker dat u dit so spoedig moontlik doen. Die "app" kan ook op u selfoon afgelaai word. Indien u probleme met die aflaai van die programme of enige ander tegniese probleme ondervind, kontak asb. die volgende: "***School Communicator support team***" by [support@school-communicator.com](mailto:support@school-communicator.com) of skakel 0860 22 11 36.

## VCSV

Persoonlike kontak tydens VCSV-kringe was nog nie moontlik hierdie jaar nie, maar Google Classroom-groepe is gestig en kringleiers het elk 'n junior-, asook seniorkring ontvang. Almal wat by die Google Classroom-groepe aangesluit het, behoort teen die einde van die kwartaal ook aan 'n whatsapp-groep te behoort wat deur sy/haar kringleier saamgestel is.

'n "Labori-lees-saam-Bybel"-uitdaging is aan leerders gerig en enkeles het deelgeneem aan die kompetisie wat daaruit voortgespruit het. Geluk aan ons 3 weners: ons vertrou dat julle jul geskenk sal benut en regtig weer sal besef dat ons die Woord van God elke dag opnuut nodig het.

Ons vertrou dat ons volgende kwartaal weer volstroom aan die gang sal wees en dat kring- en saalbyeenkoms ons weer gegun sal word. Ons beplan ook VCSV-aande, uitreike en 'n takkamp later vanjaar. Koester solank jul persoonlike verhouding met God en groei in wysheid uit die Woord. Ouers, bid asb vir ons en u kind. Mag hulle regtig groei in hulle liefde vir God in die tydperk wat hulle hier by Labori deurbring. (Mev Breytenbach)

## **ENTREPRENEURSKAP**

Die Entrepreneurskap-klub is volgende kwartaal volstoom aan die gang, enige gr 8 tot gr 11 leerders wat belangstel daarin om te leer van die sakewêreld en besigheidsbestuur en graag besoeke aan bestaande besighede wil meemaak, kan aansoekvorms by mnr Christensen kom haal. Entrepreneurskap klasse is Vrydagmiddae direk na skool tot halfvier in mnr Christensen se lokaal. 'n Jaarlikse lidmaatskapfooi van R300 is betaalbaar.

## **OOV**

Die OOV van Hoërskool Labori het op 16 April 2021 ons jaarlikse 5- Lande Kosfees gehou. Ouers het met hart en siel ingeklim om hierdie funksie moontlik te maak. Die funksie was 'n reuse sukses. Ons is dankbaar vir elkeen wat op sy/haar manier bygedra het. Daar is veral twee groepe wat ons wil bedank. Eerstens al die borge wat ons ongelooflik baie gehelp het met al die donasies. Dit sluit in al die ouers wat kontant en produkskenkings gestuur het, ons waardeer dit!

Baie dankie aan die volgende organisasies vir hul ondersteuning, nl.: Paarl Groentemark. Kaap Agri Pakmark, Mpact Versapak, Zandam Cheese, Boland Poultry, Brito's, Peninsula Beverages, Sub tropico, Malan Melkery en Top Fruit and Veg.

Die tweede groep is al die wonderlike ouers wat ons ondersteun het deur die kaartjies te koop. Sonder julle was daar nie n Kosfees nie. Ons het hierdie jaar 204 kaartjies verkoop, maar volgende jaar mik ons vir 300! Een persoon wat ek wil uitsonder is vir Zelda by ons admin kantoor - baie dankie vir jou hulp en ondersteuning. Ek wil ook spesiaal ons braaiers bedank wat geswoeg het voor die warm vure.

Met die afskop van die tweede kwartaal gaan ons met lekker sportdae wegspring, waar die OOV weer baie betrokke gaan wees. Met elke sportdag sal die snoepie oop wees en heerlike hamburgers, worsrolle en koeldranke vir lafenis, sal beskikbaar wees. Ons soek asb. nog braaiers om te help met hierdie sportdae, so moenie skaam wees om betrokke te raak nie! Ons is 'n lekker klomp ouers wat saamwerk.

Nou lê die vakansie voor. Rus lekker, want volgende kwartaal is die wedloop soos 'n seweswedstryd – kort, kragtig en blietsvinnig! Mev Theresa Smit – OOV Voorsitter

## **LABORI SPORT**

### **TENNIS**

Ons het rede tot opwinding! Drie van die vier tennisbane by Huis Theo Pauw is splinternuut oorgedoen en speel baie lekker. Dankie aan mnr Keith Cowley en sy werksmense vir die arbeid en Laerskool Gimnasium en Labori wat die geld hiervoor bewillig het.

Ons het Maandae tot Woensdae kon oefen by Bethel en Theo Pauw en ongeveer 30 leerlinge het opgedaag vir tennis. Nuwe talent word raakgesien en 'n gemaklike atmosfeer heers onder gr. 8 – 12 leerders wat mekaar opkeil. Dankie vir ouers wat opoffer om hul kinders die geleentheid te bied om op dié positiewe manier van hormone ontslae te raak. Sport is noodsaaklik en broodnodig vir tieners.

Ons sien uit na die volgende seisoen (kw 4) en wil leerlinge wat kans het, uitnooi om gedurende die wintermaande onderling met mekaar te reël om ons tennisbane te benut wanneer beskikbaar. (Mev Breytenbach – afrigter)

### **NETBAL**

Daar sal vanaf volgende Kwartaal elke Maandag en Woensdag netbaloefening wees vir alle spanne vanaf 15:15 tot 16:30. Ons vra asb dat alle spelers hul eie waterbottel en gym handdoek sal onthou. Amptelike netbaloefeninge vir die seniors sal Woensdag 5 Mei begin en daar sal proewe gehou word vir die juniorspanne (0/14 en 0/15) ook op Woensdag 5 Mei, vanaf 15:15 tot 16:30. (Mev H Coetzee)

**LABORI "SIX-A-SIDE" KRIEKET**

Op 1 Maart het Labori begin met 'n ses-aan-'n-kant Kriekettoernooi. Alle krieketspelers het in 'n rondomtalie kompetisie in die junior of senior afdelings gespeel. Daar was 4 spanne in elke afdeling en die top twee spanne van elke afdeling het teen mekaar in 'n finaal gespeel, terwyl die ander twee spanne uitspeel het vir 3de plek.

Baie dankie aan al die leerders wat deelgeneem het aan die toernooi! Baie dankie ook aan GoodConcept ([www.goodconcept.co.za](http://www.goodconcept.co.za)) vir julle ondersteuning van die toernooi. Na afloop van die toernooi is die finale ranglys as volg:

**JUNIORS**

4. Royal Strikers
3. Koshuis Dogs
2. Renegades
1. Sixers

**SENIOR**

4. Royal Kings
3. Die Pliggies
2. Dolphins
1. Swing Things

Ons sien daarna uit om weer die toernooi aan te bied. Mnre. le Roux en Kershoff

**MOSSSELBAAI SPORTTOER**

Die beplande Sporttoer na Mosselbaai gaan voort soos beplan en sal tydens die Junie/Julie vakansie plaasvind. Die Netbal-, Hokkie- en Rugby Eerstespanne sal meemaak aan die Toer. Leerders het elkeen ook 'n skrywe ontvang saam met hul rapporte met meer inligting hieroor, sowel as finale kostes. (Mnr Kershoff)

**WINTERSPORT VOORLOPIGE OEFENTYDE – 2DE KWARTAAL 2021**

RUGBY	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG
O/15A & B	15:15 – 16:15		15:15 – 16:15	
O/16A		15:15 – 16:15		15:15 – 16:15
O/19C	16:00 – 17:00		16:00 – 17:00	
O/19B		15:15 – 16:15		15:15 – 16:15
O/19A	15:30 – 17:00	15:30 – 17:00		15:30 – 17:00

NETBAL	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG
O/14	15:15 – 16:30		15:15 – 16:30	
O/15	15:15 – 16:30		15:15 – 16:30	
O/16	15:15 – 16:30		15:15 – 16:30	
O/17A, B en O/19B	15:15 – 16:30		15:15 – 16:30	
O/19A	15:15 – 16:30		15:15 – 16:30	15:15 – 16:30

HOKKIE	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG
O/14 SEUNS	15:15 – 16:30		15:15 – 16:30	
O/16 SEUNS		15:00 – 16:00		15:00 – 16:00
O/19 SEUNS	15:30 – 17:00	15:30 – 17:00		15:30 – 17:00
O/16 & O/19 DOGTERS	15:15 – 16:30		15:15 – 16:30	

**WINTERSPORT PROGRAM**

Die volgende Sportdae is reeds bevestig deur die onderskeie skole. Daar bestaan egter 'n moontlikheid dat daar op sommige van hierdie dae as gevolg van getalle, ook wedstryde op die voorafgaande Vrydagmiddae sal plaasvind. Ouers en leerders sal egter vroegtydig hieroor ingelig word.

<b>Datum</b>	<b>Opponente</b>	<b>Tuis/Weg</b>
08/05/2021	Sentraal Proewe	
15/05/2021	Montana/Bonnievale	Tuis/Weg
19/05/2021	Stellenbosch	Tuis
05/06/2021	Robertson	Tuis
09/06/2021	New Orleans	Tuis
19/06/2021	Swellendam	Weg
31/07/2021	Hopefield	Weg
04/08/2021	Paulus Joubert	Tuis
14/08/2021	Parow	Weg
21/08/2021	Dirkie Uys	Tuis
28/08/2021	Interskole vs Bosmansdam	Weg

**2DE SKOOLKWARTAAL , 3 MEI – 9 JULIE 2021**

**Tuisnaweke:** 21 - 23 Mei  
11 – 13 Junie

**Openbare Vakansiedae:** 16 Junie 2021 - Jeugdag

Vriendelike groete



**J BATT**  
**SKOOLHOOF**